# HOOFSTUK II

# PROBLEME EN BEHOEFTES VAN EERSTEJAARSTUDENTE EN POGINGS VAN UNIVERSITEITE OM HULP IN DIE VERBAND TE VERLEEN

## 1. INLEIDING

Voordat 'n beskrywing gegee word van wat reeds deur universiteite in die algemeen en deur die P.U. vir C.H.O. in die besonder gedoen word om die vraagstuk van wanaanpassing en swak akademiese vordering van eerstejaarstudente die hoof te bied, is dit nodig om vooraf vas te stel met welke probleme eerstejaarstudente aan universiteite te kampe het. Chandler vat die probleme van die Noord-Amerikaanse eerstejaarstudent soos volg saam: „College freshmen, ...should be thought of individually as young people who are confronted with a multitude of new situations, most of them revolving around two major problems: learning to assume the duties and responsibilities of adult citizenship in a democracy, and learning to adjust to a new type of educational institution, the college."[1]

Ten einde die geldigheid van hierdie uitspraak van Chandler ook vir die Suid-Afrikaanse student te toets en tegelykertyd 'n deurtastende opname te maak van die probleme waarmee eerstejaarstudente aan die universiteit gekonfronteer word, sal die uitsprake van gesaghebbendes en die antwoorde van eerstejaarstudente op die relevante vrae in die vraelys[2] ontleed word.

## 2. ALGEMENE PROBLEME WAARMEE EERSTEJAARSTUDENTE AAN 'N UNIVERSITEIT TE KAMPE HET

Volgens die kontemporêre literatuur en die antwoorde op die onderhawige vraelys aan eerstejaarstudente is dit duidelik dat die eerstejaarstudent te kampe het met probleme soos aanpassing by

---

1. CHANDLER, J.R. e.a.: Successful adjustment in college, iii.
2. Kyk Bylae VIII.

die universiteitsituasie en woonplek, deelname aan universiteitsaktiwiteite, aanpassing by die akademie, die gevolge van ontoereikende pre-universitêre onderwys, persoonlikheidsfaktore, ontoereikende verstandelike vermoë en onvoldoende geld.

(a) <u>Aanpassing by die universiteitsituasie</u>

Die universiteit met sy lewenswyse en organisasie wat verskil van dié van die hoërskool, noop elke jong student om hom/haar aan en in te pas by, te oriënteer tot die veranderde omstandighede, want "...college life is vastly different from ...high school or any past experience..."[3]

Die eerste probleem waarmee die jong student te doen kry, is die aanvaarding en nakoming van die pligte en verantwoordelikhede van 'n volwassene wat hom opgelê word - hy moet selfstandig dink, suiwer oordeel en optree volgens sorgvuldig oorweegde beweegredes, want "...you are now responsible for your own success."[4] Maar daarby moet hy die perke van sy eie vryheid besef en aktief by die groep inskakel met inagneming van andere.

Hierbenewens vereis doeltreffende aan- en inpassing by die nuwe tipe opvoedkundige inrigting spoedige oriëntering ten opsigte van die omgewing, kampus, universiteitsprogram en leerplan; organisasie in fakulteite en departemente; en ten opsigte van die groot groep studente en dosente wat die universiteitsbevolking uitmaak. Vroegtydige oriëntering is noodsaaklik vir die ontplooiing van die belangstellings, die behoeftes en begeertes van die eerstejaarstudente en hierin het die universiteit as selfstandige hoër onderwysinrigting, wat die student

---

3. BARNARD, M.B. en BLAIR, W.: You, your college and your career, 1.
4. Ibid., loc. cit.

toelaat om verder te studeer en hom ook daarvoor laat betaal, 'n besondere verantwoordelikheid.[5]

Die probleme van in- en aanpassing bring bepaalde behoeftes van die eerstejaarstudent na vore, waaronder die behoefte aan persoonlike oriëntering en selfontdekking, want die student het 'n sterk drang om hom/haarself te vind, te verstaan en aan- en in te pas; die behoefte aan oriëntering ten opsigte van die beroepslewe en vakkeuse; die behoefte aan sosiale oriëntering; die behoefte aan oriëntering aangaande die teenoorgestelde geslag; die toekomstige huwelik; 'n huislike en familielewe; en uit al die genoemde behoeftes spreek voorts 'n sterk behoefte aan leiding by die jong student sodat hy homself kan leer ken met al sy unieke leemtes en voortreflikhede en hom in die nuwe omgewing kan leer handhaaf.[6]

Dit is duidelik dat ook die eerstejaarstudente aan die P.U. vir C.H.O. 'n ernstige behoefte aan vroegtydige algemene oriëntering het, aangesien 31 persent (112 uit 367) van hulle gewag maak van aanvanklike onsekerheid, vreemdheid, ontuisheid en onbekendheid met omgewing en gebruike.[7]

(b) Probleme met betrekking tot die aanpassing by die woonplek

Veral daardie studente wat nog nooit voorheen vir lang tydperke van hul ouerhuise af weg was nie en wat by universiteitstoetrede in die koshuise moet gaan woon, vind die aanpassing by die koshuislewe moeilik. Hierdie studente is dikwels nog afhanklik van hul ouers en is nie ten volle daarop voorberei om selfstandige besluite te neem nie. In hierdie verband het

---

5. SONNEKUS, M.C.H.: Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente, 9.
6. Op. cit., 8.
7. Bylae VIII, 3(a).

die Studentevoorligtingskomitee van die Universiteit van Pretoria bevind dat die eerstejaarstudente wat by hul ouers inwoon, beter presteer as studente wat in koshuise inwoon, terwyl studente wat privaat loseer die swakste presteer.[8] Aansluitend hierby toon die antwoorde op die vraelys dat 18 persent (65 uit 367) van die hele groep eerstejaars aan die P.U. vir C.H.O. ook probleme ten opsigte van hul aanpassing by die woonplek ondervind het.[9]

Soms beïnvloed ook die aard van die woonplek die student se studies nadelig, soos daaruit blyk dat 10 persent (34 uit 325) van die kosgangers wat die vraelys voltooi het, aanvaar dat die koshuislewe nie vir studie bevorderlik is nie en wel omdat die dissipline ten opsigte van stiltetye heelwat te wense laat, 'n gees van losbandigheid die studiegeleenthede beperk, studenteaktiwiteite die aandag van studie aftrek, die geboue se klankisolering swak is, kamermaats probleme skep wat studie benadeel, probleme - soos bv. eise om persoonlike bediening - met seniorstudente ondervind word, die studiegeriewe - soos bv. vasgestelde stiltetye vir studie - in die koshuise onvoldoende is, persoonlike koshuisdiens - soos bv. telefoondiens - inbreuk op studies maak en studente huis toe verlang.[10]

Studente wie se koshuise, privaatlosiesplekke of huise ver van die universiteit af is, se studies word ook nadelig getref deurdat baie tyd deur reis in beslag geneem word.[11]

---

8. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Verslag van die Studentevoorligtingskomitee insake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente, 127.
9. Bylae VIII, 8(f)(ii).
10. Bylae VIII, 7(a)(i) en 7(b).
11. MULLER, J.D.: Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 146 - 147.

Alhoewel ontgroening aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite geheel en al verbied word, het dit tog nog 'n invloed op eerstejaarsaanpassing. Dit blyk uit die antwoorde op die vraelys aan eerstejaarstudente dat 69 persent (254 uit 367) eerstejaarskosgangers van die P.U. vir C.H.O. volgens hulle oordeel in 1966 nog 'n mate van ontgroening ondergaan het. Dit val egter op dat 82 persent van die eerstejaarstudente hulle ten gunste van die ontgroening wat hulle sou ondergaan het, uitspreek en wel omdat dit die eerstejaar beter en gouer by die universiteit inskakel, dit latere verhoudinge tussen die studente bevorder, dit 'n saamhorigheidsgevoel skep, en dit die eerstejaar gouer tuis laat voel. Die 18 persent eerstejaars wat nie ten gunste van ontgroening is nie, voer die volgende redes vir hul standpunt aan: dit ruk hande uit, dit laat 'n mens verskrik en bang voel, dit beïnvloed die studies nadelig, dit strem die student wanneer hy ondersteuning nodig het, dit is barbaars en vernederend.[12]

Bogenoemde bevinding stem grootliks ooreen met dié van Muller, te wete dat 12 persent van die monster wat hy uit Suid-Afrikaanse universiteite betrek het, meen dat die ontgroening hul studies nadelig getref het. Benewens bogenoemde besware teen ontgroening wys hy daarop dat eerstejaars soms stelselmatig uit hul werk gehou word as gevolg van allerlei persoonlike dienste wat vir die seniorstudente verrig moet word.[13]

(c) <u>Probleme ten opsigte van deelname aan universiteitsaktiwiteite</u>

---

12. Bylae VIII, 2(e), (f) en (g).
13. MULLER, J.D.: op. cit., 168.

Sommige studente neem aan geen buitemuurse aktiwiteite deel nie, omdat hulle onbekend voel, nie belangstel nie, of omdat dit vir hulle 'n keuseprobleem is.

Sport- en kulturele aktiwiteite kan met vrug aangewend word om wanaanpassing van studente, wat soms tot swak akademiese prestasies lei, te bekamp, omdat sodanige aktiwiteite geleenthede skep waarin selfvertroue, 'n gevoel van saamhorigheid en persoonlike sekuriteit, gesonde verhoudings teenoor die teenoorgestelde geslag, gesonde ontspanningsgewoontes en leierskap ontwikkel kan word.[14] Dit word selfs aangevoer dat sodanige ekstrakurrikulêre bedrywighede akademiese prestasies direk bevorder.[15]

Met die vraelysondersoek is bevind dat 15 persent (56 uit 367) van die groep eerstejaarstudente aan die P.U. vir C.H.O. probleme ten opsigte van die deelname aan universiteitsaktiwiteite in die algemeen[16] en 6 persent (23 uit 367) besondere probleme met betrekking tot aanpassing by die sportlewe ondervind het.[17]

Hierteenoor bestaan daar by sommige studente 'n wanverhouding tussen studie, ontspanning en ekstrakurrikulêre aktiwiteite, aangesien te veel tyd aan sodanige aktiwiteite bestee word sodat akademiese werk daaronder ly.[18]

---

14. MULLER, J.D.: op. cit., 161.
15. HARRIS, D.: Factors affecting college grades: A review of the literature 1930-1937, in <u>Psychological Bulletin</u>, Vol. 37, Maart 1940, 139.
16. Bylae VIII, 8(f)(iv).
17. Bylae VIII, 8(f)(iii).
18. RAUTENBACH, C.H.: Fees en jool het meer laat druip, in <u>Die Transvaler</u>, 30(100), 28 Jan. 1967, 7.

Dit blyk uit die voorgaande dat én te min én te veel deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite probleme skep. Daar moet dus harmonie heers tussen studie, ontspanning en deelname aan ekstrakurrikulêre aktiwiteite.

(d) <u>Probleme ten opsigte van akademiese aanpassing</u>

Die oorgrote meerderheid van die eerstejaarstudente beskik oor min of geen kennis aangaande akademiese aangeleenthede nie. Sommige van hulle kan selfs nie die amptelike jaarboek van hul universiteit as handleiding gebruik nie.[19] Ook aan die P.U. vir C.H.O. het 38 persent (141 uit 367) van die betrokke groep eerstejaars probleme ten opsigte van akademiese aanpassing ondervind, en wel ten opsigte van beroeps-, kursus- en vakkeuse; studiemetodes en -gewoontes; leesvermoë; biblioteekgebruik; klasprosedures en afneem van aantekeninge; voltooi van werkopdragte; skryf van toetse en eksamens; tydsindeling en vryetydsbesteding; bemeestering van die leerstof; universiteitsreëls en -regulasies; die grootte van klasgroepe; die doel, aard en omvang van leervakke en eksamenvereistes.[20]

(i) <u>Onsekerheid oor beroeps-, kursus- en vakkeuse</u>

Twyfel oor 'n beroepsrigting lei tot onsekerheid met betrekking tot kursus- en vakkeuse. Hierdie onsekerheid beïnvloed die motivering van die eerstejaar klaarblyklik nadelig en swak motivering ten opsigte van studie is op sy beurt dikwels medeverantwoordelik vir swak prestasie op universiteit.[21] Reyneke het in hierdie verband gevind dat

---

19. GOOSEN, D.S.: 'n Sosiologiese ondersoek na die vordering en aanpassing van eerstejaarstudente aan 'n universiteit, 116.
20. Bylae VIII, 8(a)(i) en 8(b).
21. REYNEKE, C.J.J.: Die verband tussen loopbaan- en studieplanne en akademiese prestasie by universiteitstudente, 52.

studente wat aanvanklik seker was van hulle studierigting aan die einde van die eerste jaar, sowel as oor die eerste 3 jaar, beter presteer het as diegene wat nie seker was nie.[22]

Aan die P.U. vir C.H.O. is gevind dat 14 persent (50 uit 367) van die betrokke groep eerstejaarstudente aan die begin van die jaar onseker was aangaande hulle beroepskeuse, en dat 18 persent (67 uit 367) gedurende die tweede semester getwyfel het.[23]

Beroepskeuse is grootliks bepalend vir kursuskeuse en kursuskeuse berus weer in 'n groot mate op doeltreffende voorligting op skool en universiteit.[24] Dat verkeerde kursuskeuse aanpassing en vordering in die eerste studiejaar nadelig beïnvloed, blyk uit 'n ondersoek van Reyneke wat bevind het dat ongeveer een uit elke 5 studente in sy proefgroep aanvanklik hul kursusse verkeerd gekies het en later aanpassings moes maak,[25] en ook uit die antwoorde op die vraelys aan eerstejaars aan die P.U. vir C.H.O. wat aantoon dat 17 persent (63 uit 367) van die groep eerstejaars probleme ten opsigte van kursuskeuse ondervind het.[26]

Verkwisting van tyd en energie weens verkeerde kursuskeuse kan in 'n groot mate uitgeskakel word deur doeltreffende voorligting. Hierdie voorligting behoort gegee te word deur deskundiges aangesien alle dosente nie geskik en/of opgelei is om 'n student te help met sy

---

22. Op.cit., 52 en 82.
23. Bylae VIII, 3(k)(ii) en 3(m)(ii).
24. DALE, R.R.: From school to university, 118 soos aangehaal deur MULLER, J.D.: op.cit., 144.
25. REYNEKE, C.J.J.: op.cit., 188.
26. Bylae VIII, 3(m)(i).

kursuskeuse nie. Besondere skolastiese en psigologiese kennis en vertroudheid met die eise van beroepe en universiteitsregulasies is vereistes, sodat die voorligter die hele mens met sy dryfvere, stukragte, node, finansies, aanleg en belangstelling deeglik in aanmerking sal neem by kursuskeuse.[27]

Die student moet egter binne 'n kursus bepaalde vakke kies en ook hierin ondervind die eerstejaar probleme.[28] Aan die P.U. vir C.H.O. is bevind dat 28 persent (102 uit 367) van die groep eerstejaarstudente probleme ten opsigte van vakkeuses ondervind het. Hierdie probleme bestaan daarin dat hulle onseker was oor die inhoud van die vakke, oor vakkombinasies, en of die gekose vakke die regte vakke vir hul gekose beroepsrigting is.[29]

(ii) <u>Gebrek aan goeie, of swak studiemetodes en -gewoontes</u>

Universitêre studie stel klaarblyklik ander eise aan die student as wat die middelbare skoolstudie stel, aangesien verskeie ondersoeke[30] daarop dui dat die eerstejaarstudent dikwels nie in staat is om selfstandig sy weg deur die voorgeskrewe leerstof te vind nie. Die eerstejaarstudent beskik derhalwe dikwels nie oor vaste en effektiewe studiemetodes en -gewoontes nie en daarom

---

27. GOOSEN, D.S.: op. cit., 159.
28. SONNEKUS, M.C.H.: op. cit., 18 - 19.
29. Bylae VIII, 3(m)(iii).
30. MULLER, J.D.: op. cit., 145; SONNEKUS, M.C.H.: op. cit., 11 en KNODE, J.C.: Orienting the student in college with special reference to freshmenweek, 115.

moet universiteite noodgedwonge kursusse instel om studente te leer om te studeer.[31] Dit is selfs gevind dat die aanpassing by die universitêre studiemetodes emosionele steurnisse by eerstejaarstudente veroorsaak.[32]

Volgens die antwoorde op die vraelys het ook 32 persent (118 uit 367) van die betrokke groep eerstejaarstudente aan die P.U. vir C.H.O. probleme ondervind ten opsigte van studiemetodes en -gewoontes.[33]

(iii) Leesvertraging

Onvermoë om vinnig en met begrip te lees het 'n stremmende invloed op akademiese vordering, omdat die student in 'n groot mate van die geskrewe woord afhanklik is in sy studie.

Verskeie ondersoekers het die noodsaaklikheid van leesvaardigheid vir akademiese sukses aangetoon en daarom het die verbetering in leesvaardigheid veral by eerstejaarstudente, ook in Suid-Afrika, 'n dringende noodsaaklikheid geword.[34]

Ook aan die P.U. vir C.H.O. is bevind dat 14 persent (52 uit 367) van die proefgroep eerstejaarstudente probleme as gevolg van 'n ontoereikende leesvermoë ondervind het, te wete die onvermoë om vinnig

---

31. MULLER, J.D.: loc. cit.
32. ANON: Sielkundige hulp vir studente bepleit, in Dagbreek en Sondagnuus, Seksie I, 11 Des. 1966, 9.
33. Bylae VIII, 3(m)(iv).
34. VAN BILJON, I.J.: Akademiese vordering van studente aan die universiteit: - 'n opvolgstudie, 151; MULLER, J.D.: op. cit., 145; BENNETT, M.E.: College and life, 20; en HARTMAN, E.M.: Die leesbekwaamheid van die eerstejaarstudent, 98.

en met begrip te lees.[35]

(iv) Onkunde ten opsigte van biblioteekgebruik

Net soos die studie- en werkmetode aan die universiteit vir die onervare, toetredende student vreemd is, is ook die gebruik van die universiteitsbiblioteek vir hom/haar dikwels 'n nuwe ondervinding. Om hierdie rede maak sommige studente ook nie van die biblioteek, wat as die hart van die universiteit beskou kan word, gebruik nie.[36]

Dit blyk uit die vraelys aan eerstejaarstudente van die P.U. vir C.H.O. dat 25 persent (90 uit 367) van die proefpersone aan die begin van die akademiese jaar probleme ten opsigte van biblioteekgebruik ondervind het. Hulle vernaamste moeilikhede was: onkunde aangaande die organisasie van die biblioteek, aangaande die gebruik van die katalogusse, en aangaande die metode van naslaan in die tydskrifafdeling.[37]

Die onvermoë om die biblioteek doeltreffend te gebruik moet noodwendig 'n nadelige invloed op die akademiese vordering van die student uitoefen.

(v) Klasprosedures en die afneem van aantekeninge

Sommige eerstejaarstudente ondervind probleme ten opsigte van klasprosedure en die afneem van aantekeninge.

---

35. Bylae VIII, 3(m)(x).
36. BENNETT, M.E.: op. cit., 20.
37. Bylae VIII, 3(m)(v).

Verskeie faktore kan hiervoor verantwoordelik wees, soos byvoorbeeld die doseermetode van die dosent, die aantal studente in die klas en die aard van die leerstof.

Op skool word feitlik al die werk in die klas deur die onderwyser behandel, word vrae oor die werk in die klas gestel en verduidelik die onderwyser. Hierteenoor is die student op universiteit op homself aangewese, is hy self verantwoordelik vir sy werk, word die leerstof dikwels slegs aan hom beskikbaar gestel en ontvang hy opdragte wat hy self moet uitvoer. Studie is nou die student se eie verantwoordelikheid. Die vermoë om tydens lesings doeltreffende notas af te neem, om aanwysings en werkopdragte te interpreteer en uit te voer, om die nodige aandag aan die betrokke werk te skenk, om die verdeling van tyd en energie oordeelkundig te reël, en om die nodige vindingrykheid en deursettingsvermoë aan die dag te lê, is almal faktore wat die mate van sukses gaan bepaal. Omdat die student dikwels probleme ten opsigte van een of meer van die bogenoemde ondervind, is dit die taak van die dosent om in hierdie verband leiding te gee.[38]

Volgens die vraelysondersoek het 24 persent (88 uit 367) van die proefgroep eerstejaarstudente van die P.U. vir C.H.O. probleme met die afneem van aantekeninge en met klasprosedure ondervind. Hulle het naamlik soms nie geweet wat om af te neem nie, kon soms nie byhou by die dikteerspoed van die dosent nie,

---

38. GOOSEN, D.S.: op. cit., 131.

moes eers self leer om aantekeninge af te neem en moes maar self die klasprosedure van verskillende dosente peil.[39]

(vi) Voltooi van werkopdragte

Wat die voltooi van werkopdragte - waaronder werkstukke, take en referate - betref, is vasgestel dat 14 persent of (51 uit 367) van die proefgroep eerstejaarstudente aan die P.U. vir C.H.O., probleme ondervind. Soms is die opdragte te vaag, is die studente onkundig aangaande die opspoor en die korrekte gebruik van bronne, kan hulle nie die biblioteek gebruik nie, of weet hulle nie hoe om die werk aan te pak nie. Hierdeur word kosbare tyd wat andersinds produktief bestee kon gewees het, verkwis.[40]

(vii) Die skryf van toetse en eksamens

Sommige studente ondervind probleme met die skryf van toetse en eksamens en die gevolg hiervan is swak prestasies. Bekende oorsake van hierdie verskynsel is onder andere onkunde aangaande effektiewe voorbereidingsmetodes, onvermoë om 'n vraestel te lees en te beantwoord, swak geformuleerde vrae en eksamenvrees. Dit is derhalwe duidelik dat studente dikwels eers geleer moet word hoe om eksamenvrae te ontleed en om toetse en eksamens aan die universiteit te skryf, maar dit word ook aangevoer dat die eksamenstelsel aan die universiteit nie altyd bo verdenking staan nie.[41]

---

39. Bylae VIII, 3(m)(vi).
40. Bylae VIII, 3(m)(vii).
41. GOOSEN, D.S.: op. cit., 131.

Volgens die respondente op die vraelyste het 24 persent probleme met die skryf van toetse ondervind en wel omdat hulle nie geweet het wat verwag word nie, hulle te laat begin leer het, hulle te min geleer het, en omdat hulle senuweeagtig was.[42]

(viii) Tydsindeling en vryetydsbesteding

Die eerstejaarstudent word skielik beklee met 'n veel groter mate van vryheid as wat hy op skool geniet het, maar daarby ook met die groter pligte en verantwoordelikhede van 'n volwassene. Hy moet eensklaps self en onafhanklik dink, suiwer oordeel, op eie verantwoordelikheid volgens eie oordeel optree, en vinnig by die hele universiteitsituasie inskakel. Genoemde kompleks van faktore lei daartoe dat baie studente probleme met tydsbesteding en veral met vryetydsbesteding ondervind. Sommige ondersoekers stel die persentasie eerstejaarstudente wat hierdie probleem ondervind op so hoog as 58 persent en wys daarop dat studente dit dikwels as hulle belangrikste probleem beskou.[43] Onoordeelkundige tydbesteding lei daartoe dat sommige eerstejaarstudente probleme ondervind om die ewewig tussen studie, gemeenskapslewe en ontspanning te bewaar. Die gevolg hiervan is dat óf die studies skade ly met swak vordering as gevolg, óf dat ewewigtige vorming en ontwikkeling van die student benadeel word.

---

42. Bylae VIII, 3(m)(viii).
43. BENNETT, M.E.: op. cit., 20.

Met die vraelys is vasgestel dat 17 persent, of 62 uit 367, van die betrokke groep eerstejaars aan die P.U. vir C.H.O. ook aan die begin van die jaar probleme met tydbesteding en veral met vryetydsbesteding ondervind het.[44]

(ix) Bemeestering van die leerstof

Volgens die antwoorde op die vraelys het 32 persent (117 uit 367) van die respondente probleme ten opsigte van bemeestering van die vakinhoud ondervind. As redes vir hulle onvermoë om die inhoud toe te eien, voer genoemde studente aan dat hulle te staan gekom het voor die, vir hulle, nuwe en onbekende leervakke, dat die inhoud soms te abstrak was, dat hulle net nie die werk kon verstaan nie, en dat die uiteensetting van sommige dosente onverstaanbaar was. 'n Enkele student wat Engelssprekend is, het probleme ondervind omdat die voertaal Afrikaans is.[45]

Ander moontlike oorsake vir hierdie probleem is ontoereikende verstandelike vermoë, toewyding en motivering van sommige studente; onbekendheid van studente aangaande die vereiste standaard van kennis; die vinnige tempo van aanbieding en die groot omvang van die vakinhoude; en die onpersoonlike aard van groot klasse.

(x) Onkunde met betrekking tot universiteitsreëls en -regulasies

Die jong student is in die reël by toetrede tot die universiteit onbekend met universiteitsreëls en regulasies

44. Bylae VIII, 3(m)(ix).
45. Bylae VIII, 3(m)(xi).

en soms selfs nie daartoe in staat om die amptelike jaarboek van die universiteit, waarin die belangrikste reëls en regulasies van die universiteit vervat is, as handleiding te gebruik nie.[46]

Dit vloei hieruit voort dat sommige eerstejaarstudente ernstige probleme mag ondervind weens hulle onkunde aangaande universiteitsregulasies en -reëls.

Volgens die antwoorde op die vraelys, is hierdie moeilikheid ook deur 15 persent (54 uit 367) van die betrokke groep toetslinge aan die P.U. vir C.H.O. ondervind.[47]

(xi) <u>Die grootte van klasgroepe</u>

Vroeëre ondersoeke dui daarop dat heelwat eerstejaarstudente benadeel word deur té groot klasgroepe waarin persoonlike aandag beswaarlik gegee kan word en waarin anonimiteit bevorder word. Hierdie bevinding word ook aan die P.U. vir C.H.O. gestaaf deur die feit dat 28 persent (101 uit 367) van die proefgroep eerstejaarstudente aanvaar dat hulle aanpassingsprobleme ondervind het as gevolg van te groot klasgroepe.[48]

(xii) <u>Onkunde aangaande die doel, aard en omvang van leervakke</u>

Volgens die antwoorde op die vraelys het 25 persent (93 uit 367) respondente geen benul gehad van die doeleindes wat met bepaalde leervakke bestreef word nie en het dit hulle onseker gelaat.[49] Hierbenewens het 21 per-

---

46. GOOSEN, D.S.: op. cit., 113.
47. Bylae VIII, 3(m)(xiii).
48. GOOSEN, D.S.: op. cit., 114; Bylae VIII, 4(k)(i).
49. Bylae VIII, 4(h)(ii).

sent (77 uit 367) respondente geen duidelikheid gekry aangaande wat hulle kursus behels nie,[50] en het 24 persent (88 uit 367) respondente in die duister getas aangaande die sillabusse wat gevolg gaan word.[51]

Voorgaande dui daarop dat heelwat eerstejaarstudente ernstige behoefte openbaar aan 'n vroeë, helder uiteensetting van die doeleindes wat met iedere vak beoog word en ook aan 'n duidelike uitstippeling van die omvang van die kursus en sillabusse.

(xiii) Onkunde aangaande eksamenvereistes

Heelwat eerstejaarstudente se akademiese vordering en aanpassing word daardeur belemmer dat hulle nie ingelig word aangaande die aard, omvang en eise van eksamens en toetse nie. Van die proefgroep eerstejaars aan die P.U. vir C.H.O. het 22 persent (81 uit 367) onsekerheid oor genoemde aspekte as ernstige probleem aangedui.[52]

(e) Probleme as gevolg van ontoereikende vooruniversitêre onderwys

Die graad en aard van die algemene opvoeding, voorligting en ontwikkelingsgeleenthede wat deur die vooruniversitêre onderwysinrigtings aan studente gebied word, speel 'n belangrike rol in die eerstejaarstudent se aanpassing en vordering aan die universiteit. Gebrek aan doeltreffende skolastiese voorbereiding op die hoërskool word derhalwe dikwels aangedui

---

50. Bylae VIII, 4(g)(ii).
51. Bylae VIII, 4(f)(ii).
52. Bylae VIII, 4(i).

as een van die vernaamste oorsake van druiping op universiteit.[53]

Ondersoeke dui egter daarop dat ook ontoereikende voorligting op skool die aanpassing van eerstejaarstudente vertraag. So byvoorbeeld is gevind dat 83 persent van die proefpersone wat individuele voorligting op skool gehad het, teen die helfte van die eerste jaar op universiteit seker was van hul gekose studierigting en doelgerig gewerk het, teenoor 71 persent van diegene wat nie sodanige voorligting gehad het nie.[54] In die lig hiervan is dit des te meer verontrustend dat die antwoorde op die vraelys toon dat 37 persent (137 uit 367) van die betrokke groep eerstejaarstudente geen toetsing met die oog op beroepsleiding voor hulle toetrede tot die universiteit ondergaan het nie.[55]

(f) Persoonlikheidsfaktore

Die vraagstuk van druiping of onderprestasie van eerstejaars moet benewens gebrekkige skolastiese en intellektuele toerusting van die matrikulant ook aan ander gebreke in sy persoonlikheidsamestelling gewyt word.[56] Sommige ondersoekers

---

53. OLSON, F.J.: Failure in first year university examinations, in The Australian Journal of Education, Vol. 1, No. 3, 1957, 175-185.
54. REYNEKE, C.J.J.: op. cit., 143.
55. Bylae VIII, 3(1)(ii).
56. RAUTENBACH, C.H.: Aanpassing van die hoërskoolleerling by die universiteit, in Skakelblad, Jaargang 13, No. 3, Nov. 1966, 7; SCHLEBUSCH, A.: Die invloed van persoonlikheid, intelligensie en omgewingsfaktore op die aanpassing van eerstejaarstudente by die universiteit, 111-117.

dui aan dat soveel as 37 persent eerstejaars hiermee belas is.[57] Hieronder ressorteer onder meer:[58] emosionele onvolwassenheid gekenmerk deur 'n gevoel van hulpeloosheid, ongenoegsaamheid en minderwaardigheid by die student wat nou op sy eie bene moet staan, en die daarmee gepaardgaande gebrek aan selfvertroue en deursettingsvermoë; gebrek aan intelligensie; ontoereikende motivering; gebrek aan selfdissipline; werklus en werkkrag; onvermoë, veral by hoogbegaafdes, om voldoende selfverwesenlikingsgeleenthede op universiteit te vind; gebrek aan 'n vaste lewensfilosofie waarin daar 'n praktiese balans heers tussen werk en plesier, inspanning en ontspanning, vryheid en gebondenheid, ligsinnigheid en erns, altruïsme en egoïsme; onvermoë om te kies tussen die botsende morele kodes wat in die studentesamelewing geld; gebrekkige sublimering van die seksuele drang; onvermoë om plaasvervangers te vind vir sosiale kontakte tuis; onbevredigde behoefte aan maats, intieme vriende en vertroude raadgewers; en onvermoë om doeltreffende nuwe lewensgewoontes aan te leer, byvoorbeeld om te kan studeer en ook te kan slaap onder die normale agtergrondsgeraas van medekosgangers.

Ondersoek toon dat verskillende faktore kan aanleiding gee tot besondere affektiewe versteurings. So byvoorbeeld kan persoonlike siekte of die siekte van 'n familielid, kennis of vriend; religieuse probleme; die groter verantwoordelikheid wat die jong student skielik moet dra; die groter kom-

---

57. MULLER, J.D.: op. cit., 147.
58. MULLER, J.D.: op. cit., 146-7; RAUTENBACH, C.H.: Loc. cit.; ESTERHUYSE, A.J.: 'n Sielkundige studie oor persoonlikheidsfaktore en akademiese prestasies, 135-136.

petisie waarmee die student te doen kry; onsekerheid en kommer oor die toekoms; verlange na die familie tuis en verhoudings met die teenoorgestelde geslag aanleiding gee tot spanning, vrees en angs.[59]

Bogemelde faktore laat hul invloed geld namate leer toeneem in moeilikheid en die aard en graad van die genoemde versteuring speel 'n belangrike rol by akademiese prestasie. Sulke versteurings kan gepaard gaan met of kan 'n moontlike oorsaak wees van swak prestasie.[60]

Dit is duidelik dat betreklik min van die lede van die proefgroep eerstejaarstudente van die P.U. vir C.H.O. benadeel is deur probleme hierbo genoem, aangesien dit uit die antwoorde op die vraelys blyk dat altesame slegs 15 persent (54 uit 367) van hulle soortgelyke probleme ondervind het,[61] te wete probleme ten opsigte van gevoelens van meerder- of minderwaardigheid, onvoldoende selfvertroue en 'n neiging tot afsondering. Voorts het 10 persent (37 uit 367) van die eerstejaarstudente probleme ondervind weens gebrek aan lewensbeskoulike toerusting;[62] en het ook heelwat toetslinge sosiale aanpassingsprobleme ondervind te wete met kamermaats, 14 persent (50 uit 367),[63] met hulle omgang met seniorstudente 29 persent (103 uit 367),[64] in hul verhoudings met mede-eerstejaars 4 persent (16 uit 367),[65] in hul verhoudings met

59. Bylae VIII, 8(l).
60. CILLIERS, C.A.: Die groep-Rorschach en akademiese prestasie, 132.
61. Bylae VIII, 3(m)(xiv).
62. Bylae VIII, 3(m)(xv).
63. Bylae VIII, 8(f)(v).
64. Bylae VIII, 8(f)(vi).
65. Bylae VIII, 8(f)(vii).

die ander geslag 12 persent (45 uit 367),[66] en in hul verhoudings met dosente 14 persent (51 uit 367).[67]

(g) Ontoereikende verstandsvermoë

Intelligensie moet ook as 'n persoonlikheidsfaktor gesien word, maar weens die besondere belang daarvan verg dit afsonderlike bespreking.

Omdat die seleksie van studente vir universitêre studies deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad nie in alle opsigte doeltreffend is nie en die Suid-Afrikaanse universiteite, behalwe vir enkele besondere fakulteite aan sommige universiteite,[68] nie 'n verdere stelsel van keuring van voornemende studente het nie, gebeur dit dikwels dat studente met 'n betreklike lae verstandsvermoë op die universiteit beland en dit derhalwe moeilik vind om die eksamens te slaag.[69]

'n Vroeëre ondersoek wat op 'n groep van 358 eerstejaar-manstudente uitgevoer is, het getoon dat 1.9 persent van die toetslinge 'n I.K. van benede 100, en dat 15.4 persent 'n I.K. van benede 110 het.[70] In genoemde ondersoek is bevind dat daar 'n statisties hoogs beduidende verband bestaan tussen I.K. en akademiese prestasie aan die einde van die eerste jaar op universiteit,[71] sodat hierdie faktor besondere oorweging verg.[72]

---

66. Bylae VIII, 8(f)(viii).
67. Bylae VIII, 8(f)(ix).
68. Volgens vraebriewe (Bylae I) aan Suid-Afrikaanse universiteite.
69. SONNEKUS, M.C.H.: op. cit., 20.
70. REYNEKE, C.J.J.: op. cit., 61.
71. REYNEKE, C.J.J.: op. cit., 178; BAARD, A.P.: Die aanpassing en intelligensie van die eerstejaar, 163.
72. HARRIS, D.: op. cit., 125.

Dié studente met die lae verstandsvermoë is dikwels baie konsensieus - dit was trouens hulle behoud tot by matriek. Maar op universiteit verstaan so 'n student óf glad nie die vak nie, óf hy kan nie die pas van die studie volhou nie, sodat hy dikwels meganies, sonder insig, moet memoriseer. Die tempo op die universiteit is dikwels vir hom net te vinnig. Hy ontvang gretiglik advies van sy raadgewer om sy agterstand te verhaal en hy probeer ook verbeterde studiemetodes toepas, maar dit verwar hom dikwels meer as wat dit hom aanhelp - hy het net nie die vermoë nie.[73]

Met volle inagneming van die feit dat akademiese prestasie 'n uiting van die hele mens is en dat verstandelike vermoë en I.K. nie oordryf mag word as voorspellingsfaktore nie, is dit tog moontlik dat ontoereikende verstandsvermoë verantwoordelik is vir 'n aansienlike gedeelte van die hoë persentasie druipelinge. Hierdie aspek behoort deeglik ondersoek te word.

Ook aan die P.U. vir C.H.O. was daar in die proefgroep eerstejaars relatief 'n betreklik hoë persentasie toetslinge wat oor twyfelagtige verstandelike vermoë beskik: 5.7 persent van 262 het 'n I.K. van onder 100 en 17.2 persent het 'n I.K. van onder 110 gehad.[74]

(h) <u>Geldelike probleme</u>

Universiteitstudente ondervind dikwels geldelike probleme wat aanpassing en prestasie benadeel.[75] Sommige studente

---

73. VAN DER MERWE, A.B. en DU TOIT, J.M.: Die samestelling van die eerstejaarsbevolking aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit, in <u>Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing</u>, Vol. 7, 1956, 32.
74. Vergelyk die beskikbare Ed.Lab.-kaarte van die 1966-groep eerstejaarstudente.
75. MULLER, J.D.: op. cit., 151.

beskik oor geld, dog die vermoë om geldsake te bestuur, ontbreek;[76] ander weer, het nie genoeg geld om vir hul studie te betaal nie en kan daardeur selfs verplig word om hulle studie voor die einde daarvan te staak.[77] Daar is rede om te glo dat geldelike probleme, ná akademiese probleme, die tweede belangrikste oorsaak van staking van studie[78] en van emosionele probleme is, wat op hulle beurt die student se vordering strem.[79]

Die vraelys het aan die lig gebring dat ook 15 persent (56 uit 367) eerstejaarstudente van die P.U. vir C.H.O., ten tye van die ondersoek, geldelike probleme ondervind het.[80]

## 3. MAATREËLS WAT DEUR UNIVERSITEITE AANGEWEND WORD OM SWAK AANPASSING EN -VORDERING ONDER EERSTEJAARS DIE HOOF TE BIED

Elke universiteit het 'n opvoedingstaak, naamlik die doelbewuste leiding, onderrig en vorming van die student deur die opvoeder. Deur hierdie leiding en vorming verskaf die opvoeder nie net die gunstigste omstandighede vir die groei en ontwikkeling van die student nie, maar stuur hy dit ook in 'n bepaalde rigting.[81] Dit spreek natuurlik vanself dat die toesig van buite geleidelik sal afneem. Om aan hierdie opvoedingstaak te voldoen, word deur verskillende universiteite maatreëls en metodes aangewend om die student, meer spesifiek

---

76. MULLER, J.D.: op. cit., 151.
77. SONNEKUS, M.C.H.: op. cit., 14.
78. Ibid, 15.
79. ANON: Sielkundige hulp vir studente bepleit, in Dagbreek en Sondagnuus, 11 Des. 1966, Seksie I, 9.
80. Bylae VIII, 8(k)(i).
81. P.U. vir C.H.O.: Verslag van die Sentrale Opnamekomitee van Senaat, 1966. Akademiese en verwante aangeleenthede aan die P.U. vir C.H.O., 15; RAUTENBACH, C.H.: Aanpassing van die hoërskoolleerling by die universiteit, in Skakelblad, Jaargang 13, No. 3, Nov. 1966, 7.

die eerstejaarstudent, te help om homself te vind sodat hy volle geleentheid kan kry tot gerigte ontplooiing van al sy potensialiteite.

Soos blyk uit die beskikbare literatuur en die antwoorde op 'n vraagbrief aan Suid-Afrikaanse universiteite,[82] word 'n verskeidenheid maatreëls in hierdie verband tans getref, soos hieronder sal blyk.

(a) <u>Keuring of seleksie van studente.</u>[83]

Sommige oorsese universiteite maak van streng seleksie of keuring gebruik wanneer studente tot die universiteit toetree. Net die beste studente word tot die universiteite toegelaat en gevolglik word druiping en mislukking onder studente beperk.[84]

Veral in Amerika word van streng seleksie gebruik gemaak voordat die student toegelaat word. Sommige inrigtings moet noodgedwonge selekteer as gevolg van die geweldige hoeveelheid aansoeke.[85] Aangesien die meeste staatsuniversiteite deur die wet verplig word om alle studente te aanvaar wat aan die minimum vereiste vir toelating voldoen het, is hulle genoodsaak om van onbevoegde studente ontslae te raak deur 'n ekstra studiejaar (freshman year) in te skuif vóór die eintlike aanvang van die graadstudie. Hierdie voorlopige studiejaar is nie net 'n aanpassingsjaar nie, maar ook veral 'n siftingsjaar vir die universiteit. Verder word deur nagenoeg alle universiteite die suksesvolle verwerwing van die eindkwalifikasie van 'n geakkrediteerde hoërskool, met

---

82. Kyk Bylaes I en II.
83. Kyk Bylaes I en II, vraag 24.
84. MULLER, J.D.: op. cit., 42-97.
85. COETZEE, J. Chr.: A comparative study of higher education in the United States of America and the Union of South Africa, 29-30.

'n standaardaantal vakeenhede, vereis. 'n Betreklik klein groepie universiteite in die V.S.A. neem nog hulle eie toelatingseksamens as seleksienorme af. Die meeste universiteite en kolleges in die V.S.A. laat hul admissie- en seleksieprobleme teenswoordig grootliks oor aan die „College Entrance Examination Board," die C.E.E.B. Dit is 'n eksaminerende organisasie wat bestaan uit verteenwoordigers van kolleges, universiteite en hoërskole uit alle dele van die land, oor die hele Noord-Amerika. Kandidate word aan 'n vaardigheids- en prestasietoetsreeks onderwerp. Hierdie toetse is van so 'n objektiewe en betroubare aard dat universiteite die C.E.E.B. se selektering verkies.[86] Die toelating van voornemende studente aldaar is aan die begin van die kalenderjaar, naamlik in September, min of meer afgehandel.

Die moderne Amerikaanse opvatting is „...to give fair opportunities to all youth with talent."[87] Ook in Engeland is dit algemene beleid dat geen student van enige studierigting of loopbaan weerhou moet word waarvoor hy bevoegdheid toon nie. Maar 'n universiteitskursus in Engeland is meer gespesialiseerd en moeiliker as dié aan die kontinentale universiteite en daarom, maar ook as gevolg van die bevoorregte posisie van die universiteitstudent en die groot aantal aansoeke, word streng seleksie toegepas op persoonlike en akademiese gronde.[88]

---

86. MULLER, J.D.: op.cit., 70-97; COETZEE, J.Chr.: op. cit., 29-30; en ARBUCKLE, D.S.: Student personnel services in higher education, 58-59.
87. ANDERSON, ARNOLD: Emerging common problems in the world of universities, in International Review of Education, Vol. xi, No. 1, 1965, 15.
88. KING, E.G.: How talent hunting is conducted abroad, in The search for the Talent, 53; en MULLER, J.D.: op.cit., 42-48.

In Denemarke word slegs studente wat hul Gimnasiumkursus met sukses deurloop het, uiteindelik tot die universiteite toegelaat en dan ook net tot dié studierigting waarin hul sukses behaal het. Die herhaalde strenge keuring van voornemende universiteitstudente is waarskynlik verantwoordelik vir die betreklik klein persentasie van die bevolking wat die twee Deense universiteite besoek.[89]

In Nederland word jaarliks aan die universiteite 'n siftingseksamen gehou vir kandidate met 'n eerste graadkursus sodat ongeskiktes plek kan maak vir andere wat miskien meer voordeel kan trek uit universitêre opleiding.[90]

Wat Rusland betref: „Two or three years ago, as many as one-third, even of those on the medallists, could not secure admission to higher education in some cities."[91]

In Suid-Afrika is, afgesien van voor-matrikulasie-seleksie op die middelbare vlak en keuring tydens die matrikulasie-eksamen, verdere seleksie vóór of na toelating van studente onbekend, behalwe in enkele oorvol fakulteite.[92] Die Universiteit van Pretoria handhaaf die oopdeursisteem, dog keur noodwendig ten opsigte van mediese-, tandheelkundige-, veeartsenykunde-, radiografie-, en verpleegkunde-kandidate, terwyl die Universiteit van die Witwatersrand ten opsigte van mediese-, tandheelkunde-, en sielkunde-studente keur. Ook aan die Universiteit van Stellenbosch word keuring slegs toe-

---

89. MULLER, J.D.: op. cit., 50-53.
90. MULLER, J.D.: op. cit., 53-57.
91. KING, E.J.: op. cit., 55.
92. MULLER, J.D.: op. cit., 140.

gepas in departemente waar opleidingsfasiliteite beperk is. Die P.U. vir C.H.O. en die universiteite van die Oranje Vrystaat, Rhodes, Kaapstad en Natal besit geen formele stelsel van keuring nie.[93]

(b) 'n Oriënteringsprogram

Omdat die eerstejaarstudente meestal vreemd is met betrekking tot die universiteitsituasie word hulle by wyse van 'n oriënteringsprogram op hoogte gebring met die organisasie en lewe aan die universiteit, sodat hulle makliker en gouer daarby kan inskakel.[94]

Volgens 'n studie van 188 inrigtings in die V.S.A., met 'n gemiddelde inskrywing van 1,000 tot 3,000 studente, het 143 van een of ander vorm van oriëntering van eerstejaarstudente gebruik gemaak.[95]

Die waarde van oriënteringspogramme blyk verder daaruit dat die Pensylvania State University in die V.S.A., hoofsaaklik met behulp van 'n sodanige program, die aantal kansellasies van 700 in 1958 tot onder 300 in 1964 verminder het, in weerwil van 'n toenemende inskrywing.[96] Hierbenewens kan 'n oriënteringsprogram positiewe veranderinge in studente se houdings teweegbring, soos daaruit blyk dat 'n eksperimentele groep eerstejaarstudente na afloop van 'n reeks oriënteringslesings 'n beslis meer positiewe houding teenoor die akademie

---

93. Bylaes I en II, vraag 24.
94. ARBUCKLE, DUGALD, S.: op. cit., 80-83.
95. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 65.
96. CONFERENCE REPORT: The college dropout and talent utilization, in School and Society, 6 Maart 1965, 166.

en die lewe getoon het.[97]

Oriënteringsprogramme strek gewoonlik oor een of meer weke vóór die amptelike opening van die universiteit en sluit in 'n biblioteekkursus, studiemetodeprogram, 'n spraakopleidingsprogram, 'n program ter verbetering van leesvaardigheid, 'n sosiale oriënteringsprogram, en 'n vermaaklikheidsprogram.[98]

Dit blyk uit die antwoorde op die vraebriewe wat aan Suid-Afrikaanse universiteite gestuur is, dat ruim aandag hier te lande aan die oriëntering van eerstejaarstudente geskenk word. Al agt universiteite waarvan inligting verkry is, het in 1966 'n oriënteringsprogram vir hulle eerstejaars aangebied. Die P.U. vir C.H.O. het onmiddellik voor die opening van die universiteit 'n oriënteringsweek vir die eerstejaars. Gedurende hierdie week word daarvoor voorsiening gemaak dat eerstejaarstudente en hulle ouers die voogdosente en huisvaders ontmoet, dat eerstejaars leiding met betrekking tot kursus- en vakkeuse van hulle voogdosente ontvang, en dat leiding ten opsigte van die gebruik van die biblioteek, studiemetodes, die administrasie van die universiteit, sport en die verenigingslewe gegee word.[99] Die Rhodes Universiteit se oriënteringsprogram bestaan uit 'n algemene lesing oor die lewe en strewe van die Universiteit en bykomende lesings oor tydsbeplanning, studiemetodes en die afneem van lesings in die klas.[100] Die Universiteit van Kaapstad se

---

97. KOILE, E.A. e.a.: Orientation programs, in Review of Educational Research, Vol. xxxvi, No. 2, April 1966, 243-244.
98. MORRIS, MARGERY: Learn to learn: a Freshman introductory course, in English Language Teaching, Vol. xx, No. 2, Jan. 1966, 106-109.
99. P.U. vir C.H.O.: Program vir die eerste week, 1966.
100. Bylaes I en II, vraag 2.

oriënteringsweek sluit in lesings oor studiemetodes deur die Departement Opvoedkunde, lesings oor studente-aangeleenthede deur die studenteraad en toesprake deur die dekane van fakulteite.[101] Aan die Natalse Universiteit word algemene oriënteringslesings gedurende die eerste week aangebied en by die Universiteit van Stellenbosch word die eerstejaars 'n week voor die amptelike opening georiënteer ten opsigte van beroepskeuse, kursusse, studiemetodes, en die administrasie van die universiteit, terwyl 'n leesvaardigheidskursus ook aangebied word.[102] Aan die Universiteit van Pretoria duur die oriënteringsprogram van eerstejaars ongeveer 12 dae en sluit dit in verwelkoming, toetsing; beroepsleiding deur studentevoorligters; oriënteringslesings oor die aard en doel van voorligting aan die Universiteit, oor die universiteitslewe in die algemeen, oor die afneem van aantekeninge tydens lesings en studiemetodes, oor kursussamestelling en werksgeleenthede, en oor studente-aangeleenthede aan die Universiteit en in die koshuise; 'n spesiale bespreking van die geestelike behoeftes van die student; indeling in verskillende aktiwiteitsgroepe (konsert, koor en sport); volkspele; 'n praatjie deur die voorsitter van die A.S.B., 'n akademiese wydingsdiens; massakennismakings, en algemene kennismaking op die universiteitsterrein.[103] Aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word vanaf 1967 geen formele akademiese oriëntering toegepas nie, omdat die ondervinding aan die lig gebring het dat die eerstejaars te oorbluf is om die oorweldigende vloedgolf oriënteringsmateriaal gedurende die eerste week in te

---

101. Bylaes I en II, vraag 2.
102. Bylaes I en II, vraag 2.
103. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Bylaag tot 1965 - '66 Jaarboek: aanvullende inligting en handleiding vir studente by inskrywing, 1966, 2-9.

neem. Daarom word inligting in verband met die gebruik van die biblioteek, en ander sake, eers etlike weke na toelating groepsgewyse aan die eerstejaars meegedeel. Slegs sosiale oriëntering sal in die toekoms gedurende die eerste week plaasvind.[104] Aan die Universiteit van Port Elizabeth vind oriëntering ten opsigte van die inhoud van studierigtings, studiemetodes en -gewoontes en die doel en funksie van die studentevoorligtingsdiens plaas en word persoonlikheids-, belangstelling- en verstandstoetse toegepas om kursusleiding te kan gee.[105] Die Universiteit van die Witwatersrand het 'n metode van oriëntering waarvolgens seniorstudente as raadgewers, sg. „mentors" van eerstejaars optree.[106]

(c) Doseermetodes

In 'n ondersoek na die onderrigmetodes van universiteitsdosente het Heaton en Weedon vasgestel dat „Many college instructors are not acquainted with good teaching habits" en dat „The instructor's preparation should not only include formal education but should also include a variety of practical experiences in related areas of life.."[107]

Die universiteite is tans terdeë daarvan bewus dat hulle veel daartoe kan bydra om die druippersentasie onder eerstejaarstudente te verminder deur „Good lecturing, well supervised laboratory work, more tutorial and seminar assistance, particularly for first year students."[108]

---

104. Bylaes I en II, vraag 2.
105. Bylaes I en II, vraag 2.
106. Bylaes I en II, vraag 2.
107. MULLER, J.D.: op. cit., 160.
108. OLSON, F.J.: op. cit., 185.

Daarom geniet die verbetering van doseermetodes besondere aandag aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite. Die universiteite van Stellenbosch en van Pretoria gee weliswaar nie georganiseerde aandag hieraan nie, maar laat dit oor aan die oordeel van individuele dosente.[109] Aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat hou die doserende personeel simposia oor die aangeleentheid,[110] en aan die Universiteit van die Witwatersrand word voortdurende aandag veral aan oorlaaide leerplanne en kurrikula geskenk.[111] Aan die P.U. vir C.H.O. word in hoofsaak gebruik gemaak van die dikteermetode, voorsiening van afgerolde aantekeninge, die lesingmetode, die gee van opdragte in die vorm van referate of take, klasbesprekings, die gebruik van een of meer handboeke, die hou van seminare, die gebruik van audio-visuele hulpmiddels en 'n stelsel van werkklasse ("tutorials"). Aan hierdie universiteit is die didaktiek herhaaldelik deur senaatskomitees ondersoek en het die Senaat tans die instelling van 'n dosentopleidingskursus en periodieke opknappingskursusse in beginsel goedgekeur,[112] en aan die Universiteit van Port Elizabeth is 'n evaluering van doseermetodes onderneem.[113]

---

109. Bylaes I en II, vraag 6.
110. Bylaes I en II, vraag 6.
111. Bylaes I en II, vraag 6.
112. Bylae VIII, vraag 4(a) en P.U. vir C.H.O.: Verslag van die Senaatskommissie ad hoc oor die onderrig van eerstejaarstudente, 19 Oktober 1962; Kyk ook Senaatsnotule van 8 November 1967 en P.U.vir C.H.O.: Verslag van die Sentrale Opnamekomitee van die Senaat, 1966, Akademiese en verwante aangeleenthede aan die P.U. vir C.H.O., 62-64 en 203.
113. Bylaes I en II, vraag 6.

(d) Beperking van die vryheid van eerstejaars

Dit word in breë kring aanvaar dat eerstejaarstudente minder vryhede as seniores moet geniet omdat hulle nog op pad is na volwasse- en selfstandigwording en gevolglik nog nie verantwoordelik genoeg is nie.[114]

Aan die meeste Amerikaanse universiteite geniet manstudente algehele persoonlike vryheid; hulle kan kom en gaan soos hulle wil gedurende die dag of nag. Damestudente is egter onderhewig aan sekere beperkings, byvoorbeeld: eerstejaar-damestudente moet voor tienuur in die aande terug wees in hul koshuise behalwe met spesiale geleenthede. Aan sommige universiteite bestaan soortgelyke beperkings vir mans maar sodanige universiteite is die uitsondering.[115]

Die antwoorde op die vraebriewe toon dat die universiteite van Pretoria, Stellenbosch, die Oranje-Vrystaat, Kaapstad, Rhodes, Port-Elizabeth en die P.U. vir C.H.O. in mindere of meerdere mate beperkings lê op die vryhede van eerstejaars.[116] Slegs aan die universiteite van Natal en die Witwatersrand geniet eerstejaars dieselfde vryhede as seniores.[117]

114. MULLER, J.D.: op.cit., 168-169.
115. ROGERS, F.M.: Higher education in the United States: A summary view, 20.
116. Volgens die antwoorde op vraag 11, Bylae I; Kyk ook RAUTENBACH, C.H.: op. cit., 7.
117. Bylaes I en II, vraag 11.

(e) Beperking van ontgroeningspraktyke

Omdat dit mettertyd aan die lig gekom het dat die nadele van ontgroening die voordele daarvan oortref, is dit geruime tyd gelede amptelik aan sekere universiteite afgeskaf. Die moontlikheid bestaan egter dat dit nie amptelik voortgesit word en wel op so 'n skaal dat dit sommige studente ernstig in hul studies kan benadeel.[118]

In die V.S.A. is die toestand só: „After the College has formally opened, the process of student orientation or initiation is continued along the lines so well known the world over: practical jokes, student's fun, games."[119]

Dit blyk uit die antwoorde op die vraebriewe wat aan Suid-Afrikaanse universiteite gestuur is dat ontgroening aan die universiteite van Natal, die Oranje Vrystaat, Stellenbosch, Pretoria, die P.U. vir C.H.O., Rhodes en die Witwatersrand heeltemal afgeskaf is. Die Universiteit van Kaapstad „...have had some success in curtailing these practices over the past few years to a point where they are considered relatively innocent, in those residences where it has been practised."[120] Vir die Universiteit van Port-Elizabeth is die beperking van ontgroeningspraktyke 'n toekomstige probleem, omdat dit nog 'n jong universiteit is.

---

118. MULLER, J.D.: op. cit., 168.
119. COETZEE, J.Chr.: op. cit., 30.
120. Bylaes I en II, vraag 13; Kyk ook P.U. vir C.H.O.: Brosjure: Die eerstejaarstudent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1967, 4.

Verskeie universiteite soos byvoorbeeld die Universiteit van Pretoria, die P.U. vir C.H.O., en die Universiteit van Stellenbosch, het 'n uitgebreide en goedgekeurde verwelkomingsprogram deur koshuiskomitees en studenteliggame as deel van die oriënteringsprogram en as plaasvervanger van ontgroening ingestel.[121]

Deur die beperking van ontgroeningsaktiwiteite poog universiteite om te verhoed dat onnodige inbreuk op die tyd van eerstejaarstudente gemaak word ten einde aan hulle meer geleentheid vir studie te gee.[122]

(f) Instelling van 'n basiese opleidingsjaar vir eerstejaars.

Omdat die verskil tussen die skool en die universiteit so groot is, is aan Amerikaanse universiteite 'n basiese opleidingsjaar vir eerstejaars of „freshmen" ingestel.[123] Sodanige opleidingsjaar is tot dusver nie aan Suid-Afrikaanse universiteite ingestel nie, alhoewel dit alreeds oorweeg is.[124]

(g) Die huisvesting van inwonende eerstejaars in afsonderlike koshuise.

Om beter toesig oor eerstejaarstudente te kan uitoefen en hulle beter te help, word eerstejaars en seniores aan sommige universiteite in afsonderlike koshuise gehuisves. Sommige Amerikaanse universiteite maak van hierdie metode gebruik: „In many of the larger universities they actually

---

121. Bylaes I en II, vraag 13.
122. Bylaes I en II, vraag 13.
123. TOWNSEND, AGATHA.: The college freshmen speak out, 30; COETZEE, J.Chr.: op. cit., 29-30.
124. Bylaes I en II, vraag 14.

live in separate campuses, or at least in separate quarters."[125] „At Harvard the freshmen are all housed in the 'Yard' under the supervision of the Dean of Freshmen."[126] Verskeie ander universiteite glo egter dat studente beter aanpas deur in groepe saam te bly.[127]

Volgens die antwoorde op die vraagbrief plaas die Universiteit van Stellenbosch en die Rhodes Universiteit eerstejaars, waar moontlik, in afsonderlike koshuise. Die Universiteit van Pretoria pas die praktyk op beperkte skaal toe, terwyl party koshuise van die P.U. vir C.H.O. eerstejaarstudente op bepaalde verdiepings plaas. Die universiteite van Natal, die Oranje Vrystaat, Port Elizabeth, Witwatersrand en Kaapstad, maak glad nie van hierdie maatreëls gebruik nie, alhoewel laasgenoemde besondere moeite doen om daardie eerstejaars wat nie in koshuise inwoon nie, in gekeurde woonplekke onder toesig van die „University Lodgings Bureau" te plaas.[128]

(h) <u>Ondersoeke na die oorsake van druiping by eerstejaarstudente</u>

Die feit dat die druippersentasie aan sommige bekende private universiteite soos Harvard, Yale en Stanford in die V.S.A., meestal nie meer as 10 persent is nie, lewer bewys dat die druipsyfer tog verlaag kan word.[129]

---

125. COETZEE, J. Chr.: op. cit., 29.
126. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 208.
127. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 202-223.
128. Bylaes I en II, vraag 22.
129. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Verslag van die studentevoorligtingskomitee insake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente, 1.

Ondersoeke deur universiteite na die oorsake van druiping by eerstejaarstudente en na metodes om die oorsake te bekamp, is sprekende tekens van die aandag wat universiteite aan die probleem van eerstejaarsopleiding skenk.

Aan die Universiteit van Pretoria is reeds ruim aandag hieraan gegee deur Senaatskomitees en navorsers en is die sosiologiese faktore en opvoedkundig - sielkundige aspekte van die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente ondersoek.[130] Ook die Universiteit van Natal se studentevoorligtingsdiens onderneem periodieke navorsing in hierdie verband. Aan die Universiteit van Stellenbosch en die P.U. vir C.H.O. is navorsingsprojekte op die oomblik aan die gang, en die Universiteit van Port Elizabeth beoog om in 1967 'n deeglike ondersoek na die universitêre oorsake van druiping te onderneem. Ook aan die Universiteit van die Witwatersrand is 'n komitee benoem wat gemoeid is met eerstejaarsaangeleenthede.[131]

(i) Beskikbaarstelling van 'n brosjure of gids aan eerstejaars

Dit is tans 'n algemene gebruik van universiteite om 'n brosjure of gids met inligting aangaande die universiteit aan eerstejaars beskikbaar te stel ten einde hulle te oriënteer ten opsigte van sekere belangrike sake.

In die V.S.A. bestaan die gebruik dat gidse periodiek aan hoofde van skole en voorligters gestuur word om belangrike inligting aan voornemende studente beskikbaar te stel.[132]

130. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Loc. cit.
131. Bylaes I en II, vrae 23 en 9.
132. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 52.

Soms word geleenthede en fasiliteite in hierdie gidse egter verkeerdelik weergegee om op hierdie wyse studente te trek.[133]

Ook in Suid-Afrika word, benewens die universiteitsjaarboeke, brosjures of studentegidse deur die universiteite van Kaapstad, Pretoria,[134] die O.V.S.,[135] Natal, Stellenbosch,[136] die Witwatersrand, en ook die P.U. vir C.H.O.[137] self uitgegee[138] en aan eerstejaarstudente beskikbaar gestel. Die Port Elizabethse Universiteit hoop om eersdaags 'n brosjure oor studiemetodes beskikbaar te stel.[139]

Hierdie gidse bevat gewoonlik 'n verwelkomingsboodskap en inligting aangaande die geskiedenis van die universiteit, die universiteitsadministrasie en organisasie, die studentevoorligtingsdiens, die verenigingslewe, sport en die biblioteek. Die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand volstaan egter met 'n brosjure wat hoofsaaklik oor die biblioteek handel.[140]

Hierdie gidse of brosjures kan as 'n verdere maatreël beskou word wat deur universiteite aangewend word om die eerstejaar te oriënteer en gevolglik beter te laat aanpas.

---

133. Op cit., 51.
134. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Bylae tot 1965-'66 jaarboek: aanvullende inligting en handleiding vir studente by inskrywing, 1966; UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Wie Wat. Waar: Handleiding vir eerstejaars, 1959.
135. UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT: Studentegids vir voornemende eerstejaarstudente.
136. UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH: Studentegids, 1966.
137. P.U. vir C.H.O.: Die eerstejaarstudent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1967.
138. Bylaes I en II, vraag 27.
139. Bylaes I en II, vraag 27.
140. Bylaes I en II, vraag 27.

(j) Beperking van die grootte van klasgroepe

Verskeie Amerikaanse universiteite het beperkte fasiliteite en akkommodasie. Hierdeur word hulle genoop om die klasgrootte te beperk en die nodige seleksie toe te pas.[141]

In Suid-Afrika word persone met die nodige matrikulasiesertifikaat as student aanvaar en pas enkele universiteite slegs ten opsigte van toelating tot besondere fakulteite verdere seleksie toe. Weens die toename in studentetalle is die toeloop na sekere universiteite, en veral na meer gewilde studievakke, soms vinniger as die voorsiening van addisionele akkommodasie, toerusting en personeel. Gevolglik is klasgroepe soms te groot en word druiping - veral in die natuurwetenskappe - daardeur in die hand gewerk.[142]

Suid-Afrikaanse universiteite wend egter ernstige pogings aan om, met inagneming van die beperkte personeelvoorsiening, die grootte van die klasgroepe binne redelike perke te hou en waar klasgroepe wel groot is, word op verskillende maniere getrag om die toestand te bekamp, byvoorbeeld deur die instelling van werkklasse („tutorials") met beperkte groepe studente.[143]

---

141. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 40-45; BROOKOVER, W.B.: Selection and admission policies and practices, in <u>The college student</u>, 41.

142. MULLER, J.D.: op. cit., 155 - 156.

143. Bylaes I en II, vraag 20.

(k) Gereelde klastoetse vir eerstejaars

In die V.S.A. word noukeurig rekord gehou van die kwaliteit van die student se werk en 'n slaagpunt word nie alleen vereis om te gradueer nie, maar ook om op universiteit te bly. Die punte wat die student deur toetse in elke vak behaal, word in berekening gebring by sy finale rekord,[144] sodat minder op die eindeksamen gekonsentreer word.[145]

Suid-Afrikaanse universiteite maak in mindere of meerdere mate van gereelde klastoetse gebruik om die eerstejaar se vordering te bepaal en te verbeter. So byvoorbeeld versprei die universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Port Elizabeth hulle vaktoetse oor die hele akademiese jaar; ander weer, soos die P.U. vir C.H.O. en die Universiteit van die Oranje Vrystaat, neem benewens die vaktoetse oor die jaar versprei ook 'n halfjaarlikse eksamen af. Aan die universiteite van Kaapstad, Rhodes, Natal en die Witwatersrand, word minstens in sekere departemente gereelde toetse afgeneem.[146]

(l) Verstrekking van studiegidse of werkskemas aan studente

Sommige universiteite voorsien studiegidse of werkskemas om veral hul eerstejaarstudente te help. Hierdie studiegidse bevat die hoofpunte van die leerstof of gee 'n raamwerk, met bronneverwysings, van wat bestudeer moet

---

144. COETZEE, J. Chr.: op. cit., 30; BROOK, G.L.: The modern university, 27.
145. BROOK, G.L.: Loc. cit.
146. Bylaes I en II, vraag 5.

word. Uit die aard van die saak maak die Universiteit van Suid-Afrika grootliks van hierdie metode van studieleiding gebruik, omdat die studente korresponderende studente is. Aan die Universiteit van Stellenbosch en aan die P.U. vir C.H.O. pas individuele dosente die metode toe, die Universiteit van Pretoria verskaf nie studiegidse nie, maar stel kernaantekeninge aan studente beskikbaar en aan die P.U. vir C.H.O. word deur sommige dosente afgerolde aantekeninge en diktate beskikbaar gestel.[147]

(m) Voorligting van eerstejaars deur dosente

Verskeie universiteite maak van dosente gebruik om die eerstejaar voor te lig ten opsigte van besondere aspekte van die universiteitslewe, soos byvoorbeeld studiekursussamestelling, vakkeuse, invulling van registrasiekaarte, die werksprogram vir die eerste week van die jaar, invulling van vraelyste aan eerstejaars, studiemetodes, tydbesteding, afneem van eie aantekeninge, die gebruik van bronne, beroepskeuse, persoonlike probleme ens.[148] "The term 'general counselor' ...refers to all college personnel who may sometimes be placed in a situation where they must function as a counselor."[149]

---

147. Bylaes I en II, vraag 8.
148. Kyk Hoofstuk III, par. 2(c)(i) vir besonderhede.
149. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 126.

Dosente is nie altyd opgeleide voorligters nie, maar moet periodiek die funksie van 'n voorligter vervul wanneer hulp aan studente verleen word. By „Kansas State College" word selfs 'n opleidingsprogram vir persone wat voorligting moet gee, aangebied.[150]

Aan die Universiteite van Kaapstad, Rhodes, Natal en Port Elizabeth word soortgelyke voorligting willekeurig deur individuele dosente gegee; aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat word voorligting aan groepe studente deur dekane of die betrokke departementshoofde gegee; aan die universiteite van Stellenbosch en Pretoria word voorligting willekeurig deur individuele dosente gegee en word probleemgevalle na die studentevoorligtingsburo verwys of besoek studente die betrokke buro's self; aan die P.U. vir C.H.O. verskaf dosente willekeurig voorligting maar word voorligting aan eerstejaarstudente verskaf deur huisvaders en bepaalde voogdosente,[151] daarbenewens word probleemgevalle na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing verwys of besoek studente genoemde instituut self.[152]

(n) <u>Voorligting van eerstejaars deur deskundiges</u>

Omdat kursuskeuse nie van beroepskeuse geskei kan word nie en die kursus wat die student kies sy akademiese vordering gaan beïnvloed, word aan sommige universiteite ruim aandag aan beroeps- en kursusvoorligting gegee en word soms van 'n verskeidenheid toetse

---

150. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 126-132; TOWNSEND, A: op. cit., 85.
151. Kyk hoofstuk III, par. 4 vir besonderhede.
152. Bylaes I en II, vraag 4.

en onderhoude gebruik gemaak om so 'n volledig moontlike persoonsbeeld van die eerstejaarstudent te verkry en om sy potensialiteite en beperkinge bloot te lê.[153]

Ook aan Suid-Afrikaanse universiteite word voorsiening vir voorligting deur deskundiges gemaak en pas die voorligtingsdeskundiges dikwels verskillende toetse toe. So byvoorbeeld lê eerstejaars toetse onder leiding van die Sielkundedepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat af.[154] Aan die universiteite van Pretoria en Stellenbosch ontvang eerstejaars deskundige voorligting by die Studentevoorligtingburo's en, indien nodig, word hulle hiervandaan verder verwys na deskundiges vir hulp en leiding.[155] Aan die P.U. vir C.H.O. word slegs individuele studente op aanvraag deur die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing getoets, so byvoorbeeld is aan die begin van 1967 sowat 50 eerstejaars wat onseker met betrekking tot kursus- en beroepskeuse was, aan intensiewe toetsing onderwerp.[156] Aan die Universiteit van Port Elizabeth ondergaan elke voornemende eerstejaarstudent een of meer belangstellingstoetse en dit word aangevul deur verslae van skoolhoofde.[157]

---

153. TOWNSEND, A.: op.cit., 74-93; ARBUCKLE, D.S.: Op.cit., 118-139.
154. Bylaes I en II, vraag 12.
155. Volgens die antwoorde op vraag 12, Bylae I en volgens 'n verslag van 'n P.U.-sending na die universiteite van Pretoria en Stellenbosch met die oog op studente-oriënteringsdienste.
156. Gerapporteer deur die Direkteur van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing op 'n vergadering van die Navorsingskomitee gehou op 27 Feb. 1967.
157. Bylaes I en II, vraag 12.

Aan die Universiteit van Natal word deskundige voorligting deur die „Student Advisory Service" gedoen en ongeveer 2,500 individuele onderhoude word jaarliks gevoer. Die universiteite van Kaapstad, Rhodes en die Witwatersrand maak nie amptelike voorsiening vir toetsing en voorligting van eerstejaarstudente deur deskundiges nie.[158]

(o) Voorligting van voornemende studente

Verskeie oorsese universiteite en kolleges, byvoorbeeld dié te Boston en Michigan en die Stephens College, verskaf voorligting aan voornemende studente voordat hulle aan die betrokke universiteit of kollege registreer. Sodoende word gepoog om die student te oriënteer voordat hy by die universiteit aanland en om hom te help om die gaping tussen die middelbare skool en die universiteit te oorbrug.[159]

Wat Suid-Afrikaanse universiteite betref, word voornemende studente van die universiteite van Pretoria en Stellenbosch en ook van die P.U. vir C.H.O. deur die bepaalde amptenare van die administrasie geadviseer en waar nodig aangeraai om van die bestaande buro's of institute vir voorligting aan die betrokke universiteit gebruik te maak met die oog op leiding ten opsigte van vakkeuses en kursusse.[160] Hierbenewens stuur die Universiteit van Stellenbosch en die P.U. vir C.H.O. brosjures aan voornemende studente om hulle vooraf in 'n mate te oriënteer,[161] en verskaf die P.U. vir C.H.O. verdere inligting aan voor-

158. Bylaes I en II, vraag 12.
159. ARBUCKLE, D.S.: op.cit., 40.
160. Bylaes I en II, vraag 15.
161. Bylaes I en II, vraag 15.

nemende studente deur groepe seniorleerlinge na die Universiteit te nooi, hulle te laat kennis maak met die verskillende departemente en deur saamtrekke van leerlinge in sekere streke deur groepe dosente te laat toespreek.[162] Aan die Rhodes Universiteit verskaf die Dekaan van Studente die nodige leiding aan voornemende studente wat hom nader;[163] aan die Universiteit van Kaapstad verskaf lede van die personeel van die registrateur asook dosente advies aan voornemende studente, word skole onder beskerming van die Rotariërklub besoek ten einde toekomstige studente van inligting te voorsien, en word skoolverlaters uitgenooi na inleidende lesings wat eenkeer per jaar deur die dekane van die fakulteite gegee word. Aan die Universiteit van Natal geskied voorligting aan voornemende studente deur die studente-adviseringsdiens; aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat word „Die Studentegids vir voornemende eerstejaarstudente" aan toekomstige studente gestuur en besoek dosente skole periodiek ten einde die universiteit bekend te stel en basiese voorligting te gee.[164] Aan die Universiteit van Port Elizabeth word dwarsdeur die jaar onderhoude op aanvraag gevoer met voornemende studente en, waar nodig, ook met hul ouers.[165]

(p) <u>Terapeutiese en remediële diens</u>

Hieronder ressorteer daardie dienste wat benewens

---

162. Meegedeel deur die Departement Ontwikkeling van die P.U. vir C.H.O.
163. Bylaes I en II, vraag 15.
164. Bylaes I en II, vraag 15.
165. Bylaes I en II, vraag 15.

voorkoming ook gerig is op genesing of oplossing van aanpassings- en vorderingsprobleme wat reeds by studente voorkom. Sodanige dienste word gewoonlik gelewer deur deskundiges en sluit die volgende in:

(i) Voorsiening van 'n universiteitsvoorligtingsdiens

'n Voltydse voorligtingsdiens, onder leiding van deskundiges, word tans allerweë as 'n noodsaaklikheid aan 'n universiteit beskou ten einde by te dra tot die ontwikkeling van die kennis, vaardighede, houdings en belangstellings wat nodig is vir akademiese sukses, vir die tydige voorkoming van afwykings, maar ook vir remedie van afwykings wat wel voorkom.[166] Daarom het die meeste universiteite en kolleges in die V.S.A. vandag 'n uitgebreide voorligtingsdiens wat in die reël 'n dekaan vir mans- en ook een vir damestudente aan die hoof het.[167] Sodanige dienste sluit mediese, sosiale, sielkundige en studievoorligting en -terapie in. Dikwels word van iedere student verwag om weekliks vir minstens 'n uur lank met 'n raadgewer te konfereer.[168]

Wat Suid-Afrikaanse universiteite betref, word in hierdie verband ook reeds baie gedoen. Die universiteite van Stellenbosch en Pretoria het elk 'n Buro vir Studentevoorligting, die P.U. vir C.H.O.

---

166. OLSON, F.J.: op. cit., 185; MOUSOLITE, P.S.: A program for the talented college student, in School and Society, Vol. 94, No. 2274, 5 Maart 1966, 125.
167. MULLER, J.D.: op. cit., 162.
168. MULLER, J.D.: op. cit., 163.

het 'n Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, die universiteite van Natal en Port Elizabeth het studente-adviseringsdienste, die Rhodes Universiteit het 'n voorligtingsdiens onder sy Dekaan van Studente en die Universiteit van Kaapstad het twee adviseurs uit die doserende personeel belas met voorligting, en wat albei ekstra vergoeding ontvang.[169]

Studente met probleme kan vrywillig van gemelde dienste gebruik maak of gevalle wat deur dosente, huisvaders, adviseurs ens. opgespoor word, kan na die dienste verwys word.[170] Aan die Universiteit van Stellenbosch verwys dosente, koshuishoofde, studenteraadgewers en administratiewe beamptes, eerstejaars en ander studente na die Buro vir Studentevoorligting, en indien nodig, word studente van hier na spesialiste verwys deur die Buro se amptenare.[171] Dieselfde prosedure word aan die Universiteit van Pretoria en die P.U. vir C.H.O. gevolg, behalwe dat die studente in die eerste plek na die Studentevoorligtingsburo en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing respektiewelik verwys word.[172] Aan die Universiteite van Natal en Port-Elizabeth word studente deur dosente en studenteraadgewers na die Studente-adviseringsdiens verwys wat hulle op sy beurt weer na spesialiste verwys vir hulp en leiding.[173]

---

169. Bylaes I en II, vraag 10.
170. WILLIAMSON, E.G.: Student personnel services in colleges and universities, 188-212.
171. Bylaes I en II, vraag 26.
172. Bylaes I en II, vraag 26.
173. Bylaes I en II, vraag 26.

(ii) Remediële diens deur dosente

Benewens die remediële en terapeutiese diens deur vol- of deeltydse deskundiges aan institute, buro's of adviseringsdienste vind persoonlike hulpverlening deur individuele dosente wyd verspreid plaas. Sommige van die dosente word deur studente persoonlik genader, want "...there were certain individuals who thoroughly enjoyed contact with their students. These were the men also to whom the students went for counsel and advice."[174] Ander studente word weer deur dosente opgespoor en gehelp of na deskundiges verwys.[175]

(iii) Opknapping van algemene taalvermoë

Sommige universiteite soos byvoorbeeld die Ahmadu Bello Universiteit in Noord Nigerië[176] en die Stanford Universiteit in Amerika,[177] bied spesiale kursusse aan toetredende studente om hulle algemene taalvermoë te verbeter want "Freshman English must encourage lucidity of thought, clarity of expression, and accuracy in reading."[178] Die einddoel moet wees om deur middel van so 'n kursus te kom tot die ontdekking van die werklike wese van denke en uitdrukking.

---

174. WILLIAMSON, E.G.: op. cit., 188-190.
175. Bylaes I en II, vraag 7.
176. MORRIS, MARGERY.: op. cit., 106-109.
177. GUERARD, A.: Freshman program at Stanford in School and Society, Vol. 95, No. 2290, 18 Maart 1967, 176 en 198.
178. GUERARD, A.: op. cit., 198.

Aan die Suid-Afrikaanse universiteite word in in hierdie verband nie veel gedoen nie, behalwe aan die Universiteit van Natal waar spesiale aandag in die departemente Regte en Argitektuur gegee word aan die opknapping van die algemene taalvermoë.[179]

(iv) <u>Spesiale aandag binne gewone klasverband aan druipelinge</u>

Aan sommige universiteite word spesiale aandag binne klasverband aan druipelinge deur die doserende personeel self gegee.

In die V.S.A. word aan sommige Amerikaanse universiteite vereis dat dosente hulle studente sal help wanneer hulle probleme met hul vak ondervind,[180] terwyl aan sommige privaat universiteite studente gedurende hul eerste jaar met behulp van die eksamen gesif word om plek te maak vir meer belowende studente.[181]

Ook in Suid-Afrika word tans spesiale aandag aan eerstejaars wat toetse en eksamens druip, gegee, ten einde te poog om hul te help om die eindeksamen te slaag. Aan die Universiteit van Port-Elizabeth word spesiale tutoriale klasse vir potensiële druipelinge gereël, aan die P.U. vir C.H.O. gee voogdosente wat vir hul pleegstudente klas gee, spesiale aandag aan eerstejaars wat moontlik kan druip, terwyl individuele hulp aan alle Suid-Afrikaanse universiteite

---

179. Bylaes I en II, vraag 16.
180. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 147-156.
181. MULLER, J.D.: op. cit., 70-97.

gegee word aan studente wat hulp vra.[182]

(v) Remediële dienste vir studente

Oorsese universiteite maak voorsiening vir remediële dienste vir studente met leermoeilikhede en aanpassingsprobleme. Hierdie dienste neem gewoonlik die vorm aan van aanpassingsklasse, beplande buitemuurse programme, geleenthede vir differensiasie of deskundige voorligting. Studente met 'n lae akademiese aanleg word byvoorbeeld in spesiale klasse geplaas om teen 'n vertraagde tempo die kursus te voltooi. Hierdie prosedure skakel die frustrasie wat gedurige druiping meebring uit en dikwels word sodanige studente gehelp om weer tot die normale klas toegelaat te word.[183]

Remediële werk word soms slegs deur individuele dosente en ook in besondere gevalle deur die reeds genoemde voorligtingsdienste aan Suid-Afrikaanse universiteite gedoen.[184]

(q) Voogdosente vir hulpverlening aan eerstejaars

Slegs die P.U. vir C.H.O. stel bepaalde dosente as voogde van eerstejaars aan.[185]

Volgens hierdie stelsel word 'n beperkte aantal eerstejaarstudente aan die sorg van iedere vrywillige voogdosent toegesê wat dan toesig hou oor die vordering en

---

182. Bylaes I en II, vraag 19.
183. MULLER, J.D.; op. cit. 164-166.
184. Bylaes I en II, vrae 1, 4, 7, 10, 16, 19, 21, 26.
185. Bylaes I en II, vraag 1.

aanpassing van die student, na vermoë hulp verleen aan individuele studente met probleme en studente met ernstige probleme na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing verwys.[186]

(r) Huisvaders in studentetehuise.

In Engeland speel die huisvaders of koshuishoofde in die studentetehuise 'n toenemend belangrike rol, in so 'n mate dat „...the success of a hall as an instrument of education depends above all on the qualifications, personality and status of the warden..."[187]

Ook in Amerika word die koshuise van die universiteite as 'n belangrike deel van die opvoedingsinrigting beskou. Verskeie universiteite het die gebruik dat studente hulleself in die koshuise bestuur, maar ander universiteite en kolleges soos die Miami Universiteit, die Stephens College, die State College of Washington ens., het voltydse opgeleide voorligters wat by die eerstejaars inwoon.[188] In sommige universiteitskoshuise in Nieu-Seeland staan 'n „warden" aan die hoof van die koshuis, omdat die studente self nie in staat is om die koshuissake doeltreffend te bestuur nie, en „...the work of a warden is very much wider than the mere maintenance of discipline."[189]

---

186. P.U. vir C.H.O.: Handleiding vir voogdosente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1966; Kyk hoofstuk III vir verdere besonderhede.
187. UNIVERSITY GRANTS COMMITTEE: Report of the subcommittee on halls of residence, 42.
188. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 206-207.
189. TURNER, H.W.: Halls of residence, 135.

Daar word tans in breë kring aan Suid-Afrikaanse universiteite van huisvaders in die koshuise gebruik gemaak om, onder meer, toesig oor eerstejaarstudente te hou en hulp aan hulle te verleen. Die universiteite van Pretoria, Rhodes, Port Elizabeth, die Oranje Vrystaat en Stellenbosch, sowel as die P.U. vir C.H.O., Witwatersrand en Kaapstad, het almal huisvaders of koshuisvoogde wat een of meer koshuise behartig. Met die uitsondering van die P.U. vir C.H.O. het almal huismoeders of prinsipale vir dameskoshuise. In iedere geval werk die huisvader ten nouste saam met die huiskomiteelede, studentevoorligters of studentevoogde ten opsigte van toesig oor- en hulpverlening aan eerstejaars.[190]

(s) Studenteraadgewers.

Verantwoordelike, gegradueerde studente kan soms kostelike werk lewer as studenteraadgewers en word ook dikwels in hierdie hoedanigheid gebruik. „In each freshman hall, two hall advisers (upperclass students chosen from interested groups) are assigned to help with the orientation and assimilation of freshmen for the first year...".[191] By 'n paar kolleges vir dames in Amerika word van die „big sister-" of „grandmother"-stelsel gebruik gemaak. Sodanige student is 'n derdejaarstudent wat die eerstejaar moet inlei in die kollegelewe.[192] Aan die universiteite van Syracuse, Stanford

190. Bylaes I en II, vraag 25.
191. TOWNSEND, A.: op. cit., 90.
192. ROGERS, F.M.: op cit., 10.

en Wisconson is gevind dat die volwasse student dikwels makliker met die eerstejaarstudent kontak maak as die voorligter teenoor wie sommige eerstejaars nie die nodige vrymoedigheid het om hul harte uit te praat nie.[193.]

Ook verskillende Suid-Afrikaanse universiteite maak van seniorstudente gebruik om hulp aan eerstejaars te verleen. Die Rhodes Universiteit sê in die manskoshuise iedere 25 eerstejaars aan die sorg van 'n studentevoorligter (seniorstudent) toe. Die universiteite van Pretoria, Port Elizabeth en Stellenbosch wys in elke koshuis 'n aantal seniorstudente aan as raadgewers en hulle verleen, onder toesig van die huisvaders, koshuishoofde of koshuisvoogde, hulp ten opsigte van in- en aanpassing en hou gedurende die jaar verslag van alle toetspunte van die groep eerstejaars onder hulle sorg; probleemgevalle word deur hulle na die universiteit se voorligtingsdiens verwys. Aan die Universiteit van Pretoria word die studenteraadgewers by wyse van afslag op hul losiesgeld vergoed en aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang hulle 'n toelaag. Aan laasgenoemde universiteit is die stelsel van studenteraadgewers ook uitgebrei na studente wat privaat loseer dog hier funksioneer die studenteraadgewers onder toesig van die Besoekende Hoofde van Koshuise.[194] Aan die P.U. vir C.H.O. vervul die huiskomiteelede, onder toesig van die huisvader, onder meer die funksie van studenteraad-

---

193. ARBUCKLE, D.S.: op. cit., 214 en MULLER, J.D.: op. cit., 148.

194. P.U. vir C.H.O.: Verslag van besoeke aan die universiteite van Pretoria en Stellenbosch met die oog op studente-oriënteringsdienste, 1966.

gewer en word hulle by wyse van losiesafslag vir hul dienste vergoed.[195]

In 1966 is sodanige stelsel vir die eerste keer in die mediese-, tandheelkunde-, ingenieurswese-, kuns- en wetenskap-fakulteite aan die Universiteit van die Witwatersrand georganiseer. Elke eerstejaar word aan 'n seniorstudent van sy fakulteit toegesê wat dan as sy raadgewer (mentor) optree.[196]

(t) Studieleiding deur middel van werkklasse („tutorials") of seminare vir eerstejaars

Aan sommige universiteite word spesiale aandag aan eerstejaars gegee deur middel van werkklasse of „tutorials" waar seniorstudente of dosente kleiner groepe onderrig. Hulle „...can influence the direction and quality of students' work by the nature and frequency of the assignments he sets, by the comments he makes on them, and by assisting students - especially first-year students - to develop efficient techniques for fulfilling these assignments."[197]

In Engeland word aan die universiteite algemeen van hierdie metode gebruik gemaak vir alle studente. Sulke werkklasse vereis meer ervare dosente maar omdat dit baie tyd in beslag neem, word algemeen van die junior personeellede gebruik gemaak.[198]

Die effektiwiteit van hierdie metode is reeds by die Parsons College in Amerika bewys alwaar „The tutorial

---

195. Bylaes I en II, vrae 28 en 3.
196. Bylaes I en II, vrae 28 en 3.
197. NISBET, J.: Courses on university teaching methods, in Universities Quarterly, vol. 21, No. 2, Maart 1967, 196.
198. BROOK, G.L.: op. cit., 66-89.

system filled instructional needs over the whole spectrum of the student body, but was most helpful to low achievers carrying a reduced course load."[199]

Hierdie stelsel word in sekere departemente van die universiteite van Stellenbosch, Port Elizabeth, Kaapstad, Natal, Pretoria, die Witwatersrand, die P.U. vir C.H.O. en die Rhodes Universiteit toegepas. Studente vergader in groepies van ses of minder en dan vind bespreking plaas van probleme wat ondervind is, moeilike werk word nader toegelig en periodieke toetse oor die werk wat bespreek is, word afgeneem.[200]

(u) Samewerking tussen ouers en universiteite

Sommige universiteite wend doelbewuste pogings aan om die samewerking van die ouers of voogde van die studente te verkry deur omsendbriewe en/of vorderingsverslae uit te stuur of deur saamtrekke by universiteite te reël.[201] Dit is bevind dat, indien 'n ouer by die eerste onderhoud of kennismaking met 'n nuwe student betrek word, die voorligter of dosent gouer en beter vertroud raak met die student se agtergrond en dat daar aan sodanige student beter opvoedkundige leiding gegee kan word.[202]

---

199. ETTERS, E.M.: Tutorial assistence in college core courses, in The Journal of Educational Research, Vol. 60, No. 9, Mei-Junie 1967, 406-407.

200. Volgens die antwoorde op vraag 21, Bylaes I en II.

201. Volgens die antwoorde op vrae 17 en 18, Bylaes I en II; mondelinge mededeling van Ontwikkelingsdepartement van die P.U. vir C.H.O.

202. BENNETT, M.E.: The orientation of students in educational institutions: Guidance in educational institutions, in The Thirty-Seventh Yearbook of the National Society for the Study of Education, Part I., 189.

## 4. SAMEVATTING

Die hedendaagse eerstejaarstudent aan die universiteit kry as gevolg van die toenemende ingewikkeldheid van die samelewing binne en buite die universiteit en die groot verskil tussen die werkmetode en lewe op skool en universiteit, met verskeie probleme te doen waarvan die belangrikste as volg saamgevat kan word:

(a) Die noodsaaklikheid van aanpassing by die universiteit-situasie wat radikaal verskil van die skool.

(b) Die noodsaaklikheid van aanpassing by sy woonplek aan die universiteit.

(c) Die vind van 'n patroon van ewewigtige deelname aan universiteitsaktiwiteite.

(d) Akademiese inpassing ten opsigte van:

(i) beroeps-, kursus- en vakkeuse;

(ii) studiemetodes en -gewoontes;

(iii) lees;

(iv) biblioteekgebruik;

(v) klasprosedures en die afneem van aantekeninge;

(vi) die voltooi van werkopdragte;

(vii) die skryf van toetse en eksamens;

(viii) tydsindeling en vryetydsbesteding;

(ix) bemeestering van die leerstof;

(x) universiteitsreëls en regulasies;

(xi) inskakeling by groot klasgroepe;

(xii) die doel, aard en omvang van leervakke;

(xiii) eksamenvereistes.

(e) Probleme as gevolg van ontoereikende vooruniversitêre onderwys.

(f) Persoonlikheidsfaktore.

(g) Ontoereikende verstandsvermoë.

(h) Geldelike probleme.

Universiteitsowerhede staan beslis nie onverskillig teenoor die probleme en behoeftes van eerstejaarstudente nie en wend inderdaad 'n groot verskeidenheid pogings aan om swak aanpassing en vordering onder eerstejaars die hoof te bied. Die volgende maatreëls word tans in breë kring in hierdie verband getref:

(a) Keuring of seleksie van studente om, sover as moontlik, slegs studente wat opgewasse is vir die universitêre studies toe te laat.

(b) 'n Oriënteringsprogram vir die toetredende studente om hul gou en doeltreffend in te skakel in die universiteitsituasie.

(c) Verbetering van doseermetodes.

(d) Beperking van die vryheid van eerstejaars ten einde hulle geleidelik te laat inskakel by die universiteitsituasie.

(e) Beperking van ontgroeningspraktyke wat die eerstejaar se studies nadelig kan beïnvloed.

(f) Instelling van 'n basiese opleidingsjaar vir die eerstejaar sodat hy eers sy voete kan vind ten opsigte van universitêre studies.

(g) Die huisvesting van inwonende eerstejaars in afsonderlike koshuise vir beter hulpverlening.

(h) Die onderneem van ondersoeke na die oorsake van druiping van eerstejaars sodat voorkomingsmaatreëls aangewend kan word.

(i) Beskikbaarstelling van 'n brosjure, handleiding of gids aan eerstejaars.

(j) Beperking van die grootte van klasgroepe ten einde beter kontak met eerstejaars te bewerkstellig.

(k) Die afneem van gereelde klastoetse by eerstejaars om hulle te help om die leerstof onder die knie te kry.

(l) Verstrekking van studiegidse of werkskemas aan studente om hul studies te rig.

(m) Voorligting van eerstejaars, veral ten opsigte van vakprobleme, deur dosente.

(n) Voorligting van eerstejaars deur deskundiges veral ten opsigte van persoonlike probleme.

(o) Voorligting van voornemende studente met die oog op vroegtydige oriëntering.

(p) Voorsiening vir terapeutiese en remediële diens aan eerstejaars, te wete:

(i) 'n universiteitsvoorligtingsdiens vir behandeling van eerstejaars met allerlei probleme;

(ii) remediële diens deur dosente;

(iii) taalopknappingskursusse;

(iv) die gee van spesiale aandag binne gewone klasverband aan druipelinge;

(v) voorsiening van remediële dienste vir studente met leermoeilikhede en aanpassingsprobleme.

(q) Benoeming van voogdosente vir hulpverlening aan eerstejaars.

(r) Aanstelling van huisvaders in studentehuise veral om eerstejaars te help.

(s) Benoeming van studenteraadgewers vir eerstejaars.

(t) Voorsiening van studieleiding deur middel van werkklasse („tutorials") of seminare vir eerstejaars.

(u) Bevordering van samewerking tussen ouers en die universiteite.

Uit die bespreking van die maatreëls of metodes wat deur universiteite gevolg word om hulp aan eerstejaars wat swak vorder en aanpas te verleen, is dit duidelik dat besonder baie aan bepaalde universiteite gedoen word om druipingsfaktore die hoof te bied. Ten spyte van hierdie pogings bly die druippersentasie aan Suid-Afrikaanse universiteite hoog[203] en gevolglik bly dit steeds 'n uitdaging vir navorsers.

---

203. RAUTENBACH, C.H.: op. cit., 6; STEYN, H.S.: Die Universiteit dink oor homself, in <u>Jaarblad van die Universiteit van Suid-Afrika</u>, xxi, 1967, 8.